higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N340**(A)**(J18)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBESTUUR N6

(4110396)

18 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGBESTUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek ’n lyn na die voltooiing van elke vraag.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Modem	A	Inkomste- en uitgawes boek
1.2	Tydstelers	B	handel oor prosedures in kinderhof
1.3	Werkskema	C	maak voorsiening vir die beheer van die invordering van bydraes van die publiek
1.4	Wet op Kindersorg, nr. 74 van 1983 Artikel 2 en 8(3) Hoofstuk 2	D	finansiële plan wat maandeliks toekomstige inkomste en uitgawes toon
1.5	Ex officio lid	E	mense wat uitgebreide tee/middagete breek vat
1.6	Dubbel registrasie	F	persoon het geen stem nie
1.7	Wet op Kindersorg, nr. 74 van 1983 Artikel 8(2) en 8(3) Hoofstuk 3	G	geskrewe plan van die les en aktiwiteite wat aangebied word
1.8	Wet op Fondsinsameling (107 van 1978)	H	toestel wat 'n rekenaar in staat stel om data oor te dra
1.9	Begroting	I	instelling wil as 'n kleuterskool en as ’n kinderbewaarplek geregistreer wees
1.10	Kontantvloeistaat	J	handel oor die registrasie van kinderhuise en plekke van sorg

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Vorderingsverslae kan meer as ses maande uitmekaar aan ouers gestuur word.

2.2 Moet nooit toelaat dat jou kinders sampioene eet wat in die tuin groei by die VKO-sentrum nie.

2.3 Moenie aandring op perfekte tafelmaniere tydens etes nie.

2.4 In die stoorarea moet die ou voorraad altyd na agter geskuif word en die nuwe voorraad voor verpak word.

2.5 Die toesighouer is verantwoordelik wanneer voedsel uit die stoorkamer verwyder moet word. Wat is verwyder, hoeveel, wanneer en deur wie moet onmiddellik aangeteken word.

2.6 Voedsel moet in baie water gekook word om vitamiene te bewaar.

2.7 Hoogte- en massakaarte moet jaarliks voltooi word.

2.8 Koeksoda moet gebruik word om die groen kleur van groente te bewaar.

2.9 Wanneer 'n persoon van voorneme is om 'n kleuterskool te begin, moet die Departement van Onderwys eers geraadpleeg word.

2.10 Vee die doekververvangingsarea gereeld met 'n ontsmettingsoplossing af.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gee ‘n woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 'n Tydelike liasseringsmetode waar fakture op spykers vasgedruk word en aan die einde van die dag vir behoorlike liassering afgehaal word

3.2 Bestaan hoofsaaklik uit water en meel en het geen voedingswaarde nie

3.3 Uitgereik aan 'n ouer as bewys van betaling wanneer skoolgeld betaal is

3.4 Vorm wat skriftelike toestemming van ouers verskaf voordat jy 'n kind op 'n uitstappie neem

3.5 'n Kind se liggaam reageer op 'n spesifieke negatiewe manier na hy/sy 'n sekere soort kos geëet het

Kopiereg voorbehou

3.6 Opleiding wat buite die werksituasie plaasvind

3.7 Die proses waarvolgens die mees geskikte persoon onder die aansoekers die pos vul wat aangebied is

3.8 Om planne in werksprosedures te verander, byvoorbeeld om 'n uitstappie te organiseer

3.9 Versekering wat werknemers beskerm teen verlies van inkomste as gevolg van werkloosheid

3.10 Kind se siekte wat simptome toon van gereelde, waterige stoelgange

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 (Preserveermiddels, Appels) veroorsaak dikwels allergieë by kinders.

4.2 (Voedselprysbeperking, Die voedselbegroting) is nie in die hande van die voedselbestuurder nie.

4.3 Die uitset van die boekhoudstelsel is die finansiële state, naamlik die (balansstaat, kwitansie).

4.4 Die primêre bron van inkomste vir enige VKO-sentrum is die (fooie wat ouers betaal, fondsinsameling).

4.5 (Leiding, Implementering) is die kwaliteit wat 'n persoon in staat stel om aktiwiteite te inisieer en te hou.

4.6 Kinders word toegelaat om te speel in die (sluisarea, buite speelarea).

4.7 Wanneer die vel in die fraktuurgebied nie gebreek word nie, is dit 'n (geslote breuk, oop breuk).

4.8 ‘n (Faks, Selfoon) stuur beelde van 'n dokument via radiogolwe of telefoonlyne.

4.9 ‘n (Subsidie, Begroting) is finansiële bystand aan geregistreerde welsynsorganisasies om ten einde die instelling te vestig en te bou.

4.10 Met die (horisontale, buisvormige) liasseringsmetode word lêers in 'n stapel gehou.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Dit is noodsaaklik dat die voedseldiensarea skoon is.

Noem SES algemene aktiwiteite in die voedseldiensarea. (6)

5.2 Dit is belangrik vir die opvoeder om ouers op te voed rakende die voorbereiding van kos en die eetgewoontes van hul kinders.

Noem VYF belangrike punte wat jy met die ouers kan deel. (5)

5.3 Noem DRIE eienskappe van 'n doeltreffende boekhoudingstelsel. (3)

5.4 Noem TWEE voordele van die gerekenariseerde boekhoudingstelsel. (2)

5.5 Watter DRIE voordele word uit die Werkloosheidsversekeringsfonds betaal? (3)

5.6 Bespreek die proses van voorraadopname. (5 × 2) (10)

5.7 Beskryf die dokumentasie wat deur die ouditeur benodig word. (6)

5.8 Noem VYF hoofuitgawes van die VKO-sentrum. (5)

5.9 Verduidelik hoe jy konflik sal hanteer. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 6

6.1 Jong kinders sit dikwels speelgoed en toerusting in hul monde.

Bespreek die riglyne wat nagekom moet word om te verseker dat die speelgoed veilig genoeg is vir kinders om mee te speel. (5)

6.2 Buitelugspel is 'n noodsaaklike deel van enige opvoedingsprogram. Die speelarea moet veilig, skoon en higiënies wees.

Bespreek die riglyne wat in gedagte gehou moet word. (5)

6.3 Die kombuis is die kamer in die sentrum waar die gevaarlikste situasies kan ontstaan.

Noem TIEN riglyne vir 'n veiliger kombuis. (10)

6.4 Wat kan die opvoeder doen om verstikking en verwurging by babas te voorkom? (5)

6.5 Noem SEWE voorsorgmaatreëls wat in ag geneem moet word wanneer noodhulp verleen word. (7)

6.6 Noem DRIE oorsake van brandwonde. (3)

Kopiereg voorbehou

6.7 Wat moet die opvoeder doen as 'n kind in skok is? (10)

6.8 Noem die verskillende betaalmetodes. (5)
[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe die opvoeder vir 'n siek kind moet sorg. (8)

7.2 Hoe kan die opvoeder die medisyne aan 'n kind gee? (3)

7.3 Noem SES punte wat in die dienskontrak van personeel ingesluit moet word. (6)

7.4 Noem AGT items wat in 'n noodhulpkas ingesluit moet word. (8)

7.5 Dagsorgpersoneel moet in staat wees om met noodsituasies te werk.

Wat moet in die geval van 'n brand gedoen word? (10)

7.6 Noem VYF padveiligheidsvaardighede wat jy met die kinders op die skoolterrein kan oefen om te verseker dat hulle veilig is wanneer hulle die pad oorsteek. (5)

7.7 Noem DRIE gebruike van 'n rekenaar. (3)

7.8 Noem VIER nadele van 'n selfoon. (4)

7.9 Noem DRIE liasseringsmetodes. (3)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou